

### 3 Februarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 10:10-22 (Kyk ook HK So, 34 v/a 94 & 95)

Fokusgedeelte: Deuteronomium 10:12

## Dien God, eer Hom!

Hierdie eerste gebod is die eerste een omdat al die ander geboie daarop gebaseer is. As jy byvoorbeeld jok, oortree jy nie net die negende gebod nie, maar ook die eerste gebod. As jy jok omdat jy bang is dat jy iets gaan verloor, is daardie besitting belangriker as Jesus en daarom is dit 'n afgod.

So gebeur dit dikwels dat ons ons vertrou op iets of iemand naas God stel. Daarom maak die Kategismus dit ook baie duidelik dat afgodery nie net beelde of goed is wat in die plek van God gedien word nie. Afgode is ook wanneer ons ons vertrou in iets of iemand stel buiten God. Dit is juis dit wat hierdie gebod so uiters aktueel maak.

- Daar is dikwels by gelowiges 'n soeke na eie eer. Nebukadnesar het byvoorbeeld so baie van homself gedink dat sy eie eer vir hom 'n god was. Sy eie eer was vir hom belangriker as die eer aan God (Dan 4:30).
- 'n Soeke na plesier en genot word dikwels vir mense 'n god. Dit is hoekom daar so baie egbreuk, drankmisbruik en soortgelyke praktyke is. Die Here het nie ons liggame gemaak vir plesier en genot nie, ons is gemaak om Hom te dien. Indien ons plesier en genot najaag, het dit ons god geword (1 Kor 6:13).
- As geld en materialisme jou god word, word jy 'n koue, harde, liefdelose mens wat alles volgens rand en sent evalueer. Dit is hoekom Judas Iskariot Jesus se liefde kon verruil vir 30 silwer muntstukke. Geld was vir hom belangriker as 'n lewende verhouding met die ware God.
- Net so kan die "eie ek" ook jou god word. Dit is seker die listigste en gevaarlikste van al die afgode. Vir die eie ek gaan dit net om in sy eie behoeftes te voorsien. Solank ek genoeg het, solank ek tevrede is, solank ek my sin kry is alles reg.

Ondersoek jouself. Stry teen die afgode in jou lewe! Dien en eer God alleen.

Sing: Psalm 68:5 (2001)

Ds PJ de Bruyn (Gobabis)